kruiskerk.co.za

info@kruiskerk.co.za

wynandnel@iafrica.com

Toetrede

Liturgie van die Lig

Aansteek van die kerse

Lied 284

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
waar haat is, laat ek daar u liefde bring.
Laat ek in pyn en smart vertroostend wees
en krag gee deur geloof in U, o Heer.

Refrein (slegs na strofes 1 en 2)
O Heer, help my om altyd so te leef –
om ander hoër as myself te ag,
ja, om lief te hê – ander bo myself –
en ook eerder te gee as te verwag.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
en laat ek hoop gee waar daar twyfel is.
Ek wil u lig in duisternis laat skyn.
Laat ware vreugde altyd uit my straal.

Laat, Heer, u vrede deur my vloei...
leer my om ook soos U te kan vergeef.
Maak my bereid om aan myself te sterf,
dat ander U al meer in my kan sien.

Woorddiens

Tema: Sal ons bid?

Skriflesing: Lukas 11:1-13

Broodjies vir die pad

"For Equilibrium, a Blessing:
Like the joy of the sea coming home to shore,
May the relief of laughter rinse through your soul.

As the wind loves to call things to dance,
May your gravity by lightened by grace.

Like the dignity of moonlight restoring the earth,
May your thoughts incline with reverence and respect.

As water takes whatever shape it is in,
So free may you be about who you become.

As silence smiles on the other side of what's said,
May your sense of irony bring perspective.

As time remains free of all that it frames,
May your mind stay clear of all it names.

May your prayer of listening deepen enough
to hear in the depths the laughter of god."

— John O'Donohue, To Bless the Space Between Us: A Book of Blessings

"I pray because I can't help myself. I pray because I'm helpless. I pray because the need flows out of me all the time- waking and sleeping. It doesn't change God- it changes me."
— William Nicholson, Shadowlands

"Be not forgetful of prayer. Every time you pray, if your prayer is sincere, there will be new feeling and new meaning in it, which will give you fresh courage, and you will understand that prayer is an education."
— Fyodor Dostoevsky, The Brothers Karamazov

Só is die 'kerk' en die 'bar' ín mekaar vervleg

Wilhelm Jordaan

Enersyds as 'n spotliedjie wat veral deur studente en ander vrolikes gesing word om die spanning tussen "die dominee van die kerk en die man van die *bar*" te hekel (" 'n sent vir die kerk en 'n rand vir die *bar*, a-ham"). Andersyds om die mens se dubbelhartigheid te beaam, dat jy 'n samestelling van teenoorgesteldes is.

Dié gedagtegang is eeue oud. So byvoorbeeld in die Vlaamse skilder Pieter (die Ouere) Bruegel se satiriese skildery *Die stryd tussen karnaval en vastyd* (Lent) uit 1559.

Karnaval en Lent word oënskynlik as ver verwyderde "pole" voorgestel: oordaad en verbruik teenoor matigheid; pret teenoor piëtistiese inkeer; uitspattigheid teenoor nugterheid; vark teenoor vis; taphuis (kroeg) teenoor kerk.

Tog word 'n soort ewewig beduie deurdat die skildery dié pole "verenig" as presiese helftes van die skildery as geheel. Karnaval en Lent deel daarvolgens dieselfde leefruimte, so asof die skilder sê dié twee pole is versoenbaar. Daar is "dialoog": Vark en vis ontmoet mekaar, bied mekaar iets aan, sluit mekaar in. By wyse van spreke kan jy tuis wees in die huis van die Here en net so tuis in die taphuis (die kroeg).

Het so 'n Middeleeuse skildery iets vir ons te sê? Stellig wel, ook in die idioom van ons tyd. Die digter T.T. Cloete se laaste bundel (2014) heet Karnaval en Lent. Hierin word die stryd eietyds voortgesit – in die tweepoligheid van die vleeslike en die geestelike binne dieselfde mens: "hoe onrein en aards is die grondstof / van my sublieme bepeinsing." En die bundel se subtitel verenig dit met 'n Janus-gesig op die voorblad: "Karnaval en Lent is een gedig."

'n Klompie jare gelede het 'n dominee wat uit die NG Kerk bedank het, gesê die kerk het te min deernis. En bygevoeg dat om relevant te wees moet die kerk leer om soos 'n kroeg te wees. Hy het die lirieke van die bekende TV-kroegkomediereeks Cheers se melankoliese kenwysie gebruik om deernis te illustreer: "Some-times you want to go / Where everybody knows your name, / And they're always glad you

came / You wanna be where you can see, / Our troubles are all the same . . .”

Waarmee hy sê die kerk misluk telkens met die radikale insluiting van alle mense. Byvoorbeeld om te bely dat geloof alleen genoeg is, soos Martin Luther dit had, maar dan allerlei dinge by te voeg – al die maars wat sekere mense uitsluit.

Deur die eeue is die uitsluitings, die voorwaardes, die ja-maars en die byvoegings Bybels geregverdig deur bedenklike eksegeses. Die kerk se behoud, en ons s’n, is afhanklik van ’n “bekering” tot ’n gans ander beeld van God én mens.

Ons moet hartgrondig begin verstaan “kerk” en “bar” is ín mekaar vervleg; ook binne-in jou.

** Jordaan is ’n buitengewone professor in sielkunde aan die Universiteit van Pretoria.*

https://www.netwerk24.com/Stemme/Menings/so-is-die-kerk-en-die-bar-in-mekaar-vervleg-20190723

“Jesus's resurrection is the beginning of God's new project not to snatch people away from earth to heaven but to colonize earth with the life of heaven. That, after all, is what the Lord's Prayer is about.”
— N.T. Wright, Surprised by Hope: Rethinking Heaven, the Resurrection, and the Mission of the Church

“Lord, when I feel that what I'm doing is insignificant and unimportant, help me to remember that everything I do is significant and important in your eyes, because you love me and you put me here, and no one else can do what I am doing in exactly the way I do it.”
— Brennan Manning, Souvenirs of Solitude: Finding Rest in Abba's Embrace

“When I get honest, I admit I am a bundle of paradoxes. I believe and I doubt, I hope and get discouraged, I love and I hate, I feel bad about feeling good, I feel guilty about not feeling guilty. I am trusting and suspicious. I am honest and I still play games. Aristotle said I am a rational animal; I say I am an angel with an incredible capacity for beer.
To live by grace means to acknowledge my whole life story, the light side and the dark. In admitting my shadow side I learn who I am and what God's grace means. As Thomas Merton put it, "A saint is not someone who is good but who experiences the goodness of God."
Brennan Manning, The Ragamuffin Gospel: Good News for the Bedraggled, Beat-Up, and Burnt Out

---

Brood vir die pad

Om in ’n wêreld van geraas na die stilte te kan luister

RRV

‘Ons leef in die era van geraas. Stilte het ’n bedreigde spesie geword,” skryf die Noorse ontdekkingsreisiger, kunsversamelaar en uitgewer Erling Kagge in sy boek *Silence: In the Age of Noise*.

Kagge verwys in dié verband na ’n eksperiment wat gesamentlik deur navorsers van die Universiteit van Virginië en Harvard-Universiteit gedoen is. In ’n reeks ondersoeke het hulle individue vir tussen 6 en 15 minute in ’n kamer alleen gelaat – sonder leesstof, skryfgoed, musiek of slimfone.

Ongeag hul ouderdomme of agtergronde, het die meeste mense in die proses groot ongemak beleef en gevind dat hulle sukkel om net te dink.

In die eksperiment is selfs bevind dat byna die helfte van die groep eerder iets uiters onaangenaams sal doen as om vir ’n kwartier in stilte met net hul eie gedagtes te verkeer.

Die meeste van ons sal waarskynlik erken dat ons ook sukkel met stilte. As ons alleen gelaat word, doen ons gou iets wat ons aandag van die stilte weglei. Of as daar tydens ’n erediens of eerbetoon wel ’n behoorlike tyd vir stil word gegee word, begin ons meestal ná ’n kort tydjie vroetel.

Tog is dit so dat die beoefening van stilte ’n wesentlike praktyk in die meeste godsdienstige tradisies is. Talle getuig dan ook dat hulle deur stilte ander kante van hulself ontdek en juis God se teenwoordigheid op nuwe maniere beleef. Die inoefe-ning van stilte as geestelike dissipline – ook midde-in die gejaag van die alledaagse lewe – kan dus verrassende insigte bring en ’n dieper gevoel van verwondering en dankbaarheid bemiddel.

Iewers in sy boek oor stilte vertel Kagge van ’n voorval nadat hy en sy mede-avonturier Børge Ousland ná ’n uitmergelende tog van 58 dae die Noordpool bereik het.

’n Militêre vliegtuig het hulle gewaar, laer gesirkel, en in ’n vriendelike gebaar het die vlieëniers ’n kospakkie (waarskynlik hul middagete) vir hulle afgegooi. Daarin was ’n paar toebroodjies, gepekelde haring en sap. Kagge en Ousland het dit tussen hulle verdeel en op hul slaapmatte uitgepak.

Ná dae se stap, soms selfs 17 uur aaneen, in temperature van -57 °C, was hulle uitgeteer en uitgehonger. Kagge vertel dat hy gereed was om sy kos te verorber, toe sy reisgenoot voorgestel het dat hulle nie dadelik moet begin eet nie, maar eers in stilte stadig tot tien moet tel.

Dié tyd van wag het vreemd gevoel.

“Maar,” skryf Kagge verder, “ek het nog nooit in my lewe so ryk gevoel soos in daardie oomblikke van stilte nie.”

https://www.netwerk24.com/Stemme/Sielsgoed/om-in-n-wereld-van-geraas-na-die-stilte-te-kan-luister-20190719

Lied 526

Waar daar liefde is, en deernis,
waar daar liefde is, daar is God die Heer.
Ubi caritas, et amor
ubi caritas, Deus ibi est.

Mag jou pad gelyk en reguit loop,
’n bries teen jou rug, jou hart vol hoop.
Mag die son jou siel verbly,
die reën sag sif oor jou land.
En, tot ons weer ontmoet,
hou God jou in Sy hand.

— Ou Ierse seëngebed (verwerk deur Marie de Kock)

wynandnel@iafrica.com 082 901 5877